



LUPINO

Nuusbrief van die lupinewerkgroep : Wes-Kaap

September 2002 No. 11

Die effektiwiteit van simasien en terbutielasien as onkruidodders in lupiene

Dr Jeanetta Saayman-du Toit, LNR-Instituut Graangewasse
Privaatsak x1251, Potchefstroom, 2520

Lupiene in Suid Afrika is 'n proteïen en energie ryke graan met 'n toenemende belangrikheid, veral in wisselboustelsels met mielies en koring. 'n Dringende behoefte bestaan aan 'n onkruidodder wat breëblaaronkruid effektief binne hierdie breëblaargewas kan beheer, aangesien die plaaslik geregistreerde breëblaar onkruidodders, Brodal(diflufenikan) en Sinal(metosulam), aan die mark onttrek is.

In lande soos Australië word simasien en terbutielasien met groot sukses gebruik vir die beheer van breëblaaronkruid in lupiene. In Suid Afrika is die LNR-IGG tans betrokke by navorsing rakende die effektiwiteit en gewasveiligheid van hierdie onkruidodders in lupiene in somerreënvalgebiede. Gedurende winter 2001 het die LNR-IGG die effektiwiteit en gewasveiligheid van beide simasien en terbutielasien in statistiese veldproewe te Potchefstroom en Bethlehem geëvalueer. Simasien en terbutielasien is te Potchefstroom en Bethlehem vergelyk met alachlor, wat reeds op lupiene geregistreer is. Gedurende die opeenvolgende somer en winterseisoene is mielies, sonneblom en koring op die 2001 simasien en terbutielasien proefpersele geplant om die moontlike effek van onkruidodder oordraging op opvolggewasse te evalueer.

In die proewe te Potchefstroom en Bethlehem het simasien en terbutielasien teen enkel en dubbeldosisse geen gewasskade in die sin van visuele skade of opbrengsverliese teweeggebring nie. In beide lokaliteite was daar geen betekenisvolle verskil ten opsigte van die breëblaarbeheer van simasien, terbutielasien en alachlor nie. In beide lokaliteite het die opvolggewasse geen visuele skade getoon nie en wil dit dus voorkom asof simasien en terbutielasien, selfs teen dubbel dosis, veilig is vir opvolggewasse soos mielies, sonneblom en koring.

Dit wil voorkom asof chemiese maatskappye die registrasie van simasien en terbutielasien moontlik kan oorweeg vir die beheer van breëblaaronkruid tussen lupiene in die somer-, sowel as die winterreënvalgebied.